# Wêreld oes minder oliesade

## Minder voorraad weens groter verbruik en kleiner oeste kan die prys van sojabone en sonneblomme laat klim. Dit kan ook voedselinflasie aanwakker.

Die wêreldproduksie van sojabone sal na verwagting met 23 miljoen ton daal, hoofsaaklik weens droogteskade in Suid-Amerika. Dit is die grootste daling nóg en volg op die kleiner oes wat Amerika verlede jaar gehad het. Dit sal tot gevolg hê dat die voorraad van oliesade daal, wat in die komende paar maande opwaartse druk op die prys sal plaas.

In Suid-Afrika toon die tweede oesskatting wat einde Maart vrygestel is, dat die plaaslike oliesaadoes bykans 340 000 ton kleiner gaan wees vergeleke met verlede jaar. Dit is 'n daling van 20%.

Boere meen dat dit steeds 'n oorskatting is, net soos talle meen dat die geskatte mielie-oes van 11,3 miljoen ton 'n oorskatting is – veral as in ag geneem word dat die Oesskattingskomitee verwag dat vanjaar se mielie-opbrengs gelykstaande aan die gemiddelde oor vyf jaar is.

Die tyd sal leer met hoeveel die mielie-oesskatting in die komende maande afwaarts aangepas sal word. Die prys van mielies het reeds in Maart skerp gestyg, terwyl die prys van sonneblomsaad en sojabone nou ook skerp styg.

Die kleiner plaaslike sojaboon- en sonneblomoes kom op 'n slegte tyd vir die bedryf. Daar is reeds ver gevorder met die beplanning en oprigting van nuwe verwerkingseenhede vir oliesade. Dit sal in die komende jaar of twee in produksie kom. Dit gaan plaaslik heelwat ekstra oliesade verg.

In die lig van die betreklik klein oes wat nou op die lande staan, gaan daar sterk mededinging wees om sonneblomsaad en sojabone in die hande te kry om die verwerkingseenhede aan die gang te hou. Hopelik sal die hoë pryse die aanplantings vir volgende jaar verder stimuleer.

Veral in intensiewe bedrywe, soos die hoender-, vark- en melkbedryf, gaan boere in die komende maande aansienlik duurder betaal vir mielieprodukte en oliekoek.

Wit mielies verdien nou weer 'n premie bo geel mielies en daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat die witmielievoorraad deur die loop van die nuwe bemarkingseisoen redelik knap gaan wees.

Die prys van plant- of kookolie gaan verder styg en dit alles gaan help om voedselinflasie 'n nuwe hupstoot te gee.

### Internasionale posisie

Die droogteskade wat die sojaboonoes in Suid-Amerika getref het, beteken die internasionale produksie is vir die tweede opeenvolgende produksieseisoen kleiner as in die vorige jaar. Dit vreet voorraad weg. Voorraadvlakke bly laag en gaan knap bly.

Die eerste geleentheid om die internasionale aanbod van sojabone te verbeter, is met die komende sojaboonoes wat nou in Amerika aangeplant word. Sojabone lewer sowat 60% van die wêreld se totale aanbod van oliesade. Dit is waarom dié oes so belangrik is.

Intussen is China die land wat die meeste sojabone invoer. In die komende jaar sal China na verwagting tussen 60 miljoen ton en 70 miljoen ton invoer. China het ook 'n netto invoerder van mielies geword, want namate die Chinese se lewenstandaard verbeter, styg die vraag na vleis, eiers en melkprodukte. Die probleem is dat die diere gevoer moet word en China self produseer te min voer.

Kortom, die aankooppatroon van die Chinese stut die internasionale sojaboonmark. China koop sojabone om dit self binnelands te bemark. Daarom het Chinese maatskappye in die afgelope paar jaar groot beleggings in maatskappyplase in Suid-Amerika begin doen. Sodoende kry hy beter regstreekse toegang tot die produk sodat hy sojabone nie net op die markte hoef te koop nie.



Die verwagting is dat die verhouding van voorraad tot verbruik van die wêreld se oliesade vanjaar tot sowat 15% gaan daal teenoor verlede jaar se vlak van 20,1%.

Die produksie van sojabone sal na verwagting afneem tot 240 miljoen ton vergeleke met 265 miljoen ton verlede jaar. Omdat verbruik groei, neem voorraadvlakke af. Die stygende prys van ruolie maak biodiesel weer winsgewend en dit stut ook die vraag na oliesade.

Vir Amerikaanse boere is dit nou planttyd. Die prys van sojabone is sowat 2,4 keer dié van mielies. Gewoonlik moet die prys van sojabone dubbel dié van mielies wees om sojabone vir Amerikaanse boere winsgewender te maak.

Die weer in Amerika gaan bepaal hoeveel sojabone teenoor mielies boere gaan aanplant, maar die feit is dat die Amerikaanse mielievoorraad ook op rekordlae vlakke is. Dit beteken dat Amerika ook 'n bonormale grootte mielieoes moet produseer . . . en intussen klim die prys.

Dit gaan 'n klompie uiters ongemaklike maande wees terwyl Amerika se oeste in wording is. Weerprobleme gaan die pryse laat opskiet totdat daar sekerheid oor die oesgroottes is. Dit sal eers teen Julie bepaal kan word.

In die geval van sonneblomsaad is die internasionale situasie effens anders. Die huidige sonneblomoes in die wêreld is maar sowat 39 miljoen ton teenoor sojabone wat 242 miljoen ton is. Min sonneblomme word in Amerika en Brasilië aangeplant. In Argentinië word heelwat sonneblomsaad verbou.

Rusland en die Oekraïne is die lande wat die meeste sonneblomsaad produseer en uitvoer. Saam produseer hulle bykans 20 miljoen ton. Vanweë die relatiewe tekorte aan sojabone het die verwerking van sonneblomsaad ook skerp gestyg, met die gevolg dat verwag word dat die verhouding van voorraad tot verbruik ook heelwat gaan daal. Daarom kan die prys van sonneblomsaad opwaartse druk ervaar. Moet nie verbaas wees as ons dalk vanjaar Rusiese sonneblomsaad saam met Russiese koring invoer nie.

**Grafiek 1** toon die verloop van die internasionale prys van sojabone en sonneblomsaad in die jongste twee jaar. **Grafiek 2** toon hoe skerp die dollarprys van grondbone gestyg het.

Grondboonoeste is internasionaal kleiner as verlede jaar en sal na

verwagting sowat 24,8 miljoen ton beloop. Voorraad daal skerp en die verwagting is dat pryse in die afsienbare toekoms betreklik hoog sal bly.

Die daling van sowat 20% teenoor verlede jaar in die plaaslike sojaboon- en sonneblomoes moet gesien word teen die agtergrond van knap voorraad op die internasionale mark van oliesade. Suid-Afrika voer in elk geval jaarliks 1 miljoen tot 1,2 miljoen ton oliekoek in.

Daarmee saam voer die land ook 650 000 tot 700 000 ton plantolie (kookolie) in. Met die nuwe beleggings in plaaslike aanlegte sal die eienaars eerder plaaslik wil verwerk, om deurset deur hul fabrieke te kry, pleks van invoer.

**Grafiek 3** toon die verloop van die plaaslike sojaboon- en sonneblomsaadpryse op die JSE se landbou-afdeling (Safex).


Die sterk stygende neiging van die afgelope paar weke is duidelik. Teen die internasionale en plaaslike agtergrond van oesvooruitsigte wil dit voorkom of daar in die komende paar weke nog sterk prysstygings gaan wees.

Plaaslike sojaboon- en sonneblomsaadboere wat nog nie 'n prys vir hul oes aanvaar het nie, kan dus nog 'n paar weke wag vir die kopers om na hulle te kom . . . maar, oppas, moet nie te gulsig raak nie.


Terselfdertyd staar ernstige stygings in voerkoste intensiewe veebedrywe in die gesig. Dit sal noodwendig mettertyd weerspieël word in stygings in die prys van vleis, eiers en melk.

Die situasie van stygende voedselpryse, kleiner oeste en 'n inkrimping in veeproduksie gaan die politici ernstig kniehalter in hul drome van grondherverdeling. Dan is daar ook diegene wat waarsku dat die pot reeds prut oor die swak regeringsdienste op grondvlak. As voedselprysstygings hierby ingeroer word, gaan die pot erger kook in die komende maande. LB


**GRAFIEK 1:** Internasionale prys van sonneblomsaad en sojabone




**GRAFIEK 2:** Grondboonpryse




**GRAFIEK 3:** Safex-prys van sonneblomsaad en sojabone





7 2A9CA

ECHO Koelkamers BK

- Vervaardig enige gespesialiseerde koel- en vrieskamers
- Geïsoleerde panele vir klimaatbeheerde hoenderhuise
- Spesialiseer in slag- en verwerkingsfasiliteite


Tel. 012 803 9490/0605
Faks 012 803 7621

Hannes, Sel 082 808 8353
hannes@echocoldrooms.co.za

Pieter, Sel 082 803 1104
pieter@echocoldrooms.co.za

Schalk, Sel 082 440 1688
schalk@echocoldrooms.co.za


www.echocoldrooms.co.za



Ons gehalte ons trots, ons produk ons passie!

242OD

P.i.F. Equipment CC
AANGEDRYF DEUR PETROL- EN DIESELMOTORS



Spesiale Aanbod:
650 l-hoëdruk-suierpomp met industriële 4,8 kW- (6,5 pk) enjin met kopklep
R8 800 (BTW inkl.)

BUFFEL
VUURVEGTER / FIREFIGHTER
Verskeie modelle, ook vir sleepwaens!
Verskeie kragprodukte.

Tel. 011 811 4272 of 011 811 3865
Sel 082 444 8951 • Faks 011 811 4678
E-pos: pif@mweb.co.za

ONDERDELE EN HERSTELWERK

SINKDAMME MET VOERINGS




ONS LEWER AF EN INSTALLEER U DAM

EIENSKAPPE van die VOERING:
- Dra 'n 12-jaar skriftelike waarborg
- Is 850 mikro dik, sag en soepel en laswerk word gedoen d.m.v. 'n hoë-frekwensie-sweisproses.

VOORDELE:
- Goedkoop - geen bouwerk of sementvloer nodig nie.
- Dam is ten volle verskuifbaar.
- Vinnig en maklik om op te rig.

FLEXI LININGS
Tel. 011 334 7492 of 018 290 9340